

Tema: Christus is die anker vir jou hart (geloof)! Vind jou rus in Hom.

Ontmoetingsdiens

Intreelied as votum: Ps 118-2: 1, 8

Seën;

Lofsang Ps 18-1: 1, 14;

Geloofsbelydenis,

Sing Ps 9-1: 7

Verootmoedigingsdiens

Nagmaalformulier: Selfondersoek

Wet uit Sb 9-2: Sing vers 1; lees verse 2 - 8; sing vers 9

Gebed.

Woorddiens

Skriflesing Hebreërs 6: 13 - 20

Heb. 11: 1,2 en 5 - 6 en 13 – 16 en 24 - 27.

Teks: Heb. 6: 18 - 20

Woordverkondiging;

Nagmaalformulier

Sing Sb 17-3: 1, 2;

Bedien die Brood en Wyn

Sing aan tafel: Ps 23-4: 2, 3

Gebed.

Antwoorddiens

Liefdegawes

Gebed vir BnB

SingPs 46-2: 1, 2

Seën

Amenlied Sb 13-2.

Geliefde brs. en srs. en kinders

Ons het verlede week gehoor dat ons hart, die diepste grond van ons geloof, die kosbaarste gawe is wat God aan ons gegee het en dat ons dit mooi moet oppas – beter as enige iets anders in ons lewe.

Ons weet dat dit egter nie so maklik is nie. Om as gelowige in hierdie wêreld te lewe is dikwels baie moeilik. Daar kom omstandighede waardeur ons geloof baie ernstig beproef en getoets word. Dink maar **aan ingrypende persoonlike krisis** wat soms jou geloofsvertroue kan laat verbroekel. Krisisse soos bv. ernstige, lewensbedreigende siekte of persoonlike terugslae en ongelukke. Verhoudinge wat skeefloop en opbreek, werksverlies en vele ander dinge.

Daar is ook **ander dinge wat ons geloofsvertroue bedreig en so ons hart wil steel.** Dink maar aan algemene landsomstandighede van politieke en ekonomiese onstabiliteit wat ons almal bedreig. **Hier in ons eie dorp gaan een van die grootste werkgewers**, die universiteit, nou deur 'n baie onstabiele stadium waarin so baie van ons eie lidmate se werksekuriteit en toekoms en werksbevrediging ernstig bedreig word. Ons leerders en studente weet maar al te goed hoe kan 'n belangrike eksamen, wat dalk nie goed afloop nie, jou kan laat “worry”!

Hierdie gebeure kan ons geloofslawe ernstig beproef en toets! Ons kan so maklik begin twyfel en onseker raak. Ons kan so maklik oor die dag van more begin bekommer. Vrees en selfs angs kan besit van 'n mens neem agv alles wat jy sien en beleef.

Uiteindelik br. en sr., beroof hierdie dinge jou van innerlike vrede en rus. Jy kom emosioneel, geestelik en fisies net nooit tot rus nie. Dit is asof daar **iets is wat aan jou siel knaag!** En as ons nie ons hart bewaar nie – dan kan hierdie dinge ons hart steel en ons geloof benadeel.

Daarom is ons Vader se boodskap vanmore aan ons: Christus is die anker vir jou hart! Vind jou rus in Hom. (herhaal)

In ons teksvers, geliefdes, word die metafoor van die hart (letterlik “siel”) saam met 'n ander metafoor gebruik naamlik dié van 'n skip se anker. Ons “geloofskip” gaan – dikwels – soos ons nou net gesê het, deur stormwaters. Dikwels waai die storms van die lewe baie sterk en voel die vir ons asof ons lewensboot gaan omslaan! Ons sukkel om veilig te voel en rus te vind in die storms van die lewe – maar ons Vader leer ons vanmore dat Christus die anker van ons hart is! In Hom kan ons rus vind.

Hoekom? Want Christus is die waarborg dat al God se beloftes aan ons vir altyd en ewig sal bly en dat God dit sal uitvoer. Die boek Hebreërs is geskrywe aan gelowiges wat hard geslaan is deur die lewe en wat moedeloos begin word, het. Hulle het in hulle geloof begin twyfel. **Om hierdie geloofstwyfel weer in geloofsvertroue te verander, wys die skrywer op die feit dat God sy beloftes op 'n dubbele manier aan ons**

bevestig het. Hy het dit belowe – maar ook met 'n eed bevestig. God het gesweer dat Hy sal doen wat Hy belowe het. God is die hoogste gesag en as Hy 'n eed aflê en sweer dat alles waar is en sal gebeur – dan sal dit gebeur!

Daarmee wil God ons verseker dat Hy getrou sal bly! Dat Hy sal doen wat Hy belowe het en dat ons daarop kan vertrou! Dat die beloftes van geloof, van liefde, van versorging en van die ewige lewe werklik vervul sal word!

En in hf. 11 vertel die skrywer van gelowiges uit die Ou Testament wat so onwrikbaar aan die beloftes van God geglo het en hoe hulle vir ons voorbeelde is van geloofsvertroue! Die “geloof” waarvan hf. 11 dui hier nie op die feit dat ons glo nie – dat ons 'n hart van God gekry het nie. “Geloof” dui hier op die manier hoe ons hierdie hart bewaar deur in die daaglikse lewe volkome op God te vertrou! Dit gaan oor die uitleef van ons geloof in die praktyk van die lewe! Hoe ons juis midde in die lewensstorms kan bly glo en God met oorgawe kan dien!

Hoe kan ons dit doen? Deur in God as 'n lewenswerklikheid te glo en Hom te beleef asof Hy elke dag sigbaar in my lewe teenwoordig is. Hf 11: 1 sê immers: “Geloof is 'n vaste vertroue op die dinge wat ons hoop, om oortuig te wees van die dinge wat ons nie sien nie”. Met ander woorde om seker te wees wat God belof het en dat God letterlik hier teenwoordig is om te doen wat Hy belof het. Kyk ook na hf 11: 6: “As mens nie glo nie (vertrou nie) is dit onmoontlik om te doen wat God wil! Wie tot God nader moet glo dat Hy bestaan en dat Hy die beloon wat Hom seek!”

En die gelowiges van die Ou Testament het so gelewe! Hf 11: 13 – 16 sê dat hierdie gelowiges nie net vasgekyk het teen hierdie lewe nie, maar dat hulle verlang het na die lewe wat God vir hulle belowe het! God se beloftes was vir hulle soos lewenswerklikhede waarin hulle nie getwyfel het nie. En wat is God se reaksie op sulke geloofsvertroue? Daar staan: **Daarom is God nie skaam om hulle God genoem te word nie – is dit nie aangrypend nie! God skaam Hom nie vir mense wat op Hom vertrou nie!**

Onthou julle wat ons van Moses gelees het? “Omdat Moses geglo het, het hy Egipte verlaat sonder dat hy vir die woede van die koning bang was. **Hy het volhard soos iemand wat die onsienlike God sien**”

Geliefdes, dis hoe ons moet glo! Dit is hoe ons ons hart moet bewaar! Ons moet te midde van die lewensstorms glo dat God op die boot is! **Dat die Here 'n lewenswerklikheid is, dat Hy werklik saam met ons in elke persoonlike krisis of landskrisis is en dat Hy sal doen wat Hy belowe het!**

Jesus is die waarborg van hierdie beloftes van God en van die teenwoordigheid van God. Dit is hoekom Christus aarde toe gekom het om vir ons te kom wys **dat God 'n lewenswerklikheid is en dat God doen wat Hy belof het!** Hy het aan die gelowiges van die Ou Testament belowe dat die Verlosser sal kom en Christus het gekom! Hy het vir ons die liefde van God kom wys en deur sy offer aan die kruis ons met geloof ewig aan God vasgebind.

Daarom gebruik ons teksvers die beeld van die anker. Christus alleen is die veilige anker van ons hart, Hy is die rus vir ons siel! Anders as die anker van 'n boot wat laat sak word om onder in die water op die bodem van die see vas te hak en die boot veilig te anker in storms, het Christus – as ons anker – opgevaar na die hemel! Hy het ons hart, lewensboot in die hemel gaan anker!!

Geliefdes, wanneer ons so deur Christus op God vertrou vind ons ware rus! In Hom kom my hart tot rus, vind ek vrede, veiligheid en sekuriteit te midde van die woeste lewensstorms. Dan besef ek dat die Here groter is as die storm – dat ek by Hom veilig is.

Br. en sr. en liewe kinders: die Here Jesus is die bewys dat God sy beloftes aan jou sal vervul. Dat God 'n lewenswerklikheid is, dat Hy elke dag teenwoordig en daarom hoef ons nie bang te wees nie! Hoef ons ons nie te bekommer of in angs te verval nie! Die Here is hier!!

Om ons te help om dit te glo het God vir ons die Nagmaal gegee. Die sigbare tekens van brood en die wyn is die simbole wat heenwys na Christus. Dit is sigbare en tasbare tekens. Ons vat aan die stukke brood en ons eet dit en ons drink die wyn! Net so sigbaar en teenwoordig is die Here in ons lewe! En ons moet dit glo! Ons moet ons hart so in geloof aan Hom vasmaak – soos 'n boot met 'n sterk ketting aan die anker vas is!

Brs. en srs., kom vind julle rus in Christus! Gee jousef en jou lewe in 'n vaste geloofsvertroue oor aan die Here! Leef asof jy God kan sien – terwyl jy na die vyand kyk! Terwyl die storm woed, wees rustig in die Here want jy glo dat Hy saam met jou in die boot is! Daar is geen ander veilige anker in hierdie lewe nie, behalwe Christus Jesus ons Here, ons anker in die hemel!

Amen